

Skriflesing: Mattheus 13:31-35Teks: **Mattheus 13:31-33** (vgl. ook Markus 4:30-34, Lukas 13:18-21)**Sing- Ps. 68:2; Ps. 119:51; Ps. 42:3, 4; Ps. 31:15****Mat 13:31** 'n Ander gelykenis het Hy hulle voorgedru en gesê: Die koninkryk van die hemele is soos 'n mosterdsaad wat 'n man neem en in sy land saai;**Mat 13:32** wat wel die kleinste is van al die soorte saad, maar as dit gegroei het, groter is as die groentesoorte en 'n boom word, sodat die voëls van die hemel kom en nes maak in sy takke.**Mat 13:33** 'n Ander gelykenis het Hy hulle vertel: Die koninkryk van die hemele is soos suurdeeg wat 'n vrou neem en in drie mate meel inwerk totdat dit heeltemal ingesuur is.**Mat 13:34** Al hierdie dinge het Jesus deur gelykenisse vir die skare gesê, en sonder gelykenis het Hy vir hulle niks gesê nie;**Mat 13:35** sodat vervul sou word die woord wat gespreek is deur die profeet: Ek sal my mond open deur gelykenisse; Ek sal uitspreek dinge wat verborge was van die grondlegging van die wêreld af.**Skriflesing:** Mattheus 13:31-35Teks: **Mattheus 13:31-33****Sing- Ps. 68:2; Ps. 119:51; Ps. 42:3, 4;; Ps. 31:15**

Broeder en suster, in die kerk van die Here is dit altyd so nodig dat ons baie eerlik met mekaar moet wees. Een van die vrae wat ons in eerlikheid vir mekaar mag vra is sekerlik die vraag na ons verwagtinge... Wat verwag ek van die kerk, wat verwag ons van mekaar, wat verwag ons van die koninkryk van God. My koms vanoggend na hierdie erediens as deel van hierdie kerk is dit maar deel van 'n gewoonte, ek dink dit word van my verwag, daarom is ek hier, of waarom is ek hier?

Die laaste tyd het talle lidmate wat krities na ons situasie kyk, ja dit is nodig om na onself ook krities te kyk 'n saak daarvoor uitgemaak dat ons gemeente is 'n Sondag-kerk. Eintlik net 'n Sondag-kerk...Dit raak vir van ons mense werklik 'n probleem. Ons kom Sondae hier bymekaar, hierdie twee of drie ure wat ons hier bymekaar is, word erediens gehou, tussen die erediens, met die katkisasie is daar so 'n vinnige tee-drank, so 'n lekker informele groepie-vorming, almal gesels vinnig hulle wel en weë (party skinder selfs!) en dan raak meer as die helfte weg, die tweede diens is nie vir hulle nie. Die bittereinders bly vir die tweede diens en dan is hulle ook weg, weer sal ons eers Sondag mekaar sien. Is dit werklik die identiteit van die Gerf kerk Pretoria, is dit waarlik waarin ons kerk-wees geleë is, die paar uurtjies op 'n Sondag en die res is ons weg?!

Dit is inderdaad vir my moeilik om ons teen sulke beskuldiging te verweer. Hoe ons mekaar hierin gaan help dat dit anders kan wees sal ons baie ernstig oor moet besin. Besinning wat altyd by die Woord van die Here moet begin. Laat ons die Woord van die Here oopmaak en

sonder om die beskuldigings sonder meer as ongegrond af te maak, onself in die gedeelte inplaas wat ons nou gelees het. Dit is nodig dat mens die gelykenis nie maar net sien as 'n verhaal met 'n mooi tema daarrondom en wanneer ek dit nou gehoor het, dan is klaar. So werk dit nie!

Hierdie twee gelykenisse het beslis vir ons elkeen vanoggend hier iets te sê. Vir hulle wat die gemeente as leweloos afmaak, ook ons wat skynbaar leweloos is, maar ook vir hulle wat die geheim van die lewe in die kerk moet verder uitdra. Ons kyk na die gelykenisse wat ons gelees het deur te let op die geheim van die kontraste wat ons hier het. Hier is nog 'n geheim, die geheim wat lê in die verborge werkinge in God se koninkryk. En die laaste, die geheim van die dinamika wat hier plaasvind.

Die geheim van die kontraste:

Manne en vroue, almal is by Jesus se gelykenisse ingesluit. Vandag se gelykenisse het kontraste op baie maniere. Eers word vertel wat 'n man doen, direk daarna dit wat 'n vrou doen... Ja, die gelykenisse wat ons vandag gelees het, moet in 'n soort van 'n "huwelik" geplaas word, gelykenisse wat in pare kom, wat met mekaar getrou is. So is daar meer sulke gelykenisse buiten die mosterdsaad en suurdeeg wat saampraat, die verborge skat en die pêrel staan ook saam, ja ook die gelykenisse van die verlore skaap, die verlore penning, die verlore seun. Dit moet ook saam gesien kan word.

Wanneer Jesus hierdie gelykenisse vertel is die agtergrond en omstandighede waarbinne dit geskied baie belangrik. Die Grieks-Romeinse kultuur en beskawing het hulleself as baie gevorderd en belangrik geag. Wysgeriges wat hulleself as baie belangrik beskou. Ja, dit het vir lank aangehou. In die tyd wat Paulus aan die gemeente in Korinte skrywe is dit nie anders nie. Die Grieke het hulle baie op hulle wysheid wou beroem. Dink maar aan Paulus se skrywe in die 1ste Korintiër-brief- hfst. 1:22- *die Jode vra 'n teken en die Grieke soek wysheid...* Die Grieke het gedink hulle is werklik wys...

Die grote Griekse wêreld het baie meer aan te bied as wat daar in die hoekie van die wêreld, in die ou klein, baie sal selfs sê, onbeskaafde Galilea gebeur. Min mense word beïndruk deur die Man bekend as Jesus. Is Hy maar net 'n storm in 'n glas, 'n storm in die Galilese waterglas wat mens nou regtig nie ernstig hoef op te neem nie. Wat weet Hy nou, ag sy volgelinge, hulle weet nog minder! Daar is maar net 'n paar smerige vissermanne wat Hy sy dissipels gemaak het, ag en enkele meelopers, Hy hou kindertjies voor, baie sou sê, dit is so

belaglik, wat kan nou hiervan kom? Dat Hy kan praat van sy koninkryk en die koninkryk wat Hy gaan oprig, dit kan mos nie wees nie. Om te dink dat mense voltyds agter Hom kan aangaan, hulle moet hulle koppe laat lees...!

En nou begin Jesus vandag se gelykenis baie eerlik- *Die koninkryk van die hemele is soos 'n mosterdsaad...* Weet u hoe klein is die mosterdsaadjie werklik. Een saadjie is so klein soos speldekop. In 1 gram is daar honderde saadjies opgesluit, so klein. Die man, die saaiër wat sy twee growwe vingers styf teen mekaar moet knyp om hierdie klein fyne saadjies gevat te kry. Alles staan in die teken van die minimum. Dis al 'n gawe net om die saadjie tussen jou vingers te hou, maar die mosterdsaad-man en die suurdeeg-vrou sal met mekaar tot vergelyk kan kom nie in wat die kontras tussen hulle is nie maar in die uitgroei en in die uitbreiding van waarmee hulle besig is.

Daardie klein saadjie in die mosterd-land of in die mosterd-akker of in die mosterd-potjie gesaai, die evangelies verskil nogal oor die val plek en die groeiplek van die saadjie. Lukas praat van die man wat dit in sy tuin saai (Luk. 13:19), Mattheus sê weer dit val in die land, Markus sien die globale, hy praat van die aarde... dit word in die aarde se grond gesaai (Mark 4:31). Op die einde gaan dit daaroor dit word gesaai en daar is 'n grote wêreld daarrondom en die geskiedenis wat voortdurend op hierdie klein saadjie gaan inspeel kan nie onderskat word nie. Dit het by Jesus geen twyfel gelaat nie.

Tog al is daar dinge wat groot is om hierdie saadjie ingebou, moet nie die inbouing (moet nie die genetica) in hierdie saadjie vergeet nie. In die grote wêreld met sy grote geskiedenis word hierdie klein saadjie 'n allemintige grote plant. Dit groei dikwels tot 3m hoog. Watter geweldige kontras hierdie klein saadjie wat tot so 'n groot plant kan groei.

In die manne-wêreld maar ook in die vroue-wêreld gebeur dinge om God se koninkryk en die "genetika" in God se koninkryk, nie anders nie. 'n Skynbaar alledaagse gebeurtenis van 'n vrou met 'n bietjie suurdeeg wat sy in drie mates meel inwerk. Hier gebeur dit weer dat die koninkryk van God hierin raakgesien moet word. Daardie drie mate meel is tot 40 liter bymekaargetel en die klein bietjie suurdeeg lê heeltemal daarbinne weggesteek. As dit eers met die meel gemeng geraak het, kan dit nie weer daaruit gehaal word nie en jy kan dit nie terugvind nie, maar hoe wonderlik dit is die suurdeeg wat op die meel in werk en juis nie andersom nie.

Die bietjie bepaal die uitslag. Dit is alles behalwe demokrasie. Dit is nie getalle en hoeveelhede en massas wat in die koninkryk van God tel nie, maar die bietjie suurdeeg doen in 'n nag se tyd wat die meel nooit weer dieselfde maak nie. Die volgende dag na die deeg met die suurdeeg daarbinne toegebind was en die vrou dit weer kan oopmaak het die deeg pragtig uitgerys en is heeltemal met die suurdeeg ingesuur.

Die kontras is wel duidelik. Die minimum word maksimum. Die kleinste saadjie word 'n grote boom, die meel het soveel uitgerys dat daardie meel wat nou uitgerys is dat sy vir tot 160 mense nou hiervan brood kan bak. In die koninkryk van God moet ons van hier oorbeweeg na wat eintlik reeds ons tweede gedagte is, maar so belangrik dat ons in besonder in die tweede plek moet let op die geheim in die verborge werkinge in God se koninkryk.

Die verborge werkinge in God se koninkryk:

Ons is geneig om hierdie verborge werkinge in God se koninkryk dikwels kerklik te onderskat. Maklik gebeur dit. In die begin het ek genoem hoe ons kerklik deurloop dat mense mag voel ons het 'n gemeente geword wat op die oog af vir baie irrelevant lyk, 'n "rand kerk", gemarginaliseer tot die minimum aktiwiteite, dit miskien vanweë verskeie faktore. Ons demografie, hoe die middestad deesdae lyk, die jongeres voel heeltemal te min en te veel in die skadu van hulle in gevorderde jare, waar die ouer lidmate hier heeltemal die meerderheid is. Hier is te min kinders, ja ons kan onself seker op baie manier self uitmaak en slegmaak as maar klein in wat die mense baie keer van ons verwag.

Dit is nie net ons worsteling nie, dermate het die kerkverband van die GKSA op die laaste Algemene Sinode 'n besluit geneem, die sg. "omkeerstrategie" dat in die geheel die getalle in die kerkverband krimp net en dit krimp net. Klink my die nuutste statistieke het dit weer aangetoon dat ons is van 2013 na 2014 weer omtrent 3000 lidmate minder. Daar word baie aan die werk gesit om te probeer dat ons anders moet lyk en anders moet werk dat ons weer kan groei soos wat ons as kerkverband vir dekades gegroei het, maar die laaste 40/50 jaar, ja hoe vêr terug weet ek nie, maar word ons minder en minder...

Die feit is die selfstandige gemeentes, ons hier plaaslik wat kerk van die Here moet wees, volledig selfstandig kerk, ons beskou in die Gereformeerde kerkreg elke gemeente as komplette kerk, selfstandige kerk, ons gemeente het baie duidelik 'n dalende tendens. Ons

moet selfstandig verantwoordelikheid aanvaar en dit onself opneem en duidelik vra, wat gaan aan. Wat kan ons doen om dit te keer?!

En dan moet ons besef die gelykenisse wat ons vandag gelees het, het verborge werkinge. Krag en groei lê nie noodwendig in getalle nie. Dit lê ook nie in strategieë en mense planne en allerhande organisatoriese strukture en beleide en visies en missies nie, nie dat dit op sigself sommer veroordeel moet word nie, maar begin by uself. Elkeen van ons wat die vraag moet vra, wat kan ek doen om dit anders te maak? Is ek regtig so besig dat ek nie hoor as God my roep om ouderling of diaken vir Hom te wees nie, is ek regtig nie in die vermoë om die sieke in die hospitaal, die lidmate wat die naaste aan my bly, op te soek behoorlik te leer ken nie. U kan besluit in die gebiede waar u bly, of in die wyke kom ons begin 'n Bybelstudie groep en ons vra die kerkraad om ons daarin te ondersteun en hoe ons die ondersteuning kan laat werk. Gereformeerde onderwys smag daarna om uitgebou te word, maar is ons werklik betrokke? Ons moet al meer daaraan kan aandag gee, ja ook ons Gereformeerde onderwys-ondersteuningsfonds vir die boekjaar is op die kerklike begroting uitgeput en nou word alles op die diakonie afgeskuif. Laat ons eerder dink om 'n fondsinsameling hier of daar aan die gang te sit dat ons werklik kan dink hoe ons die fonds kan uitbou dat dit nie weer so gou uitgeput moet raak soos wat die jaar die geval was nie. Planne en planmakers is nodig!

Die klein bietjie suurdeeg is waarna ons moet vra. In God se koninkryk waarin die kerk totaal ingesluit (en opgesluit) moet wees het die nietige en onbeduidende dikwels die grootste uitwerkings. Die klein roer van die grote skip, die stang in die perd se bek, die klein vlammetjie kan 'n groot vuur word. Die Here roep die skrywer van hierdie evangelie, Mattheus 'n tollenaar, (in baie se oë, 'n veragte onderhorige staatsamptenaar) 'n enkele ou mosterdsaadjie val in sy mensehart en kyk waarna het hierdie evangelie uitgebrei en hoe het dit uitgegroeï. Mattheus bevat in besonder die bergrede, dat ons sout en lig vir die Here moet wees, daar begin dit, lig vir die wêreld, sout vir die aarde (Matt.5), waarmee eindig hierdie evangelie... *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies...* Die wêreld in sy wydste, in sy grootste sin moet bereik word... (Matt.28:19), maar waar moet dit alles begin, by Matt. 5 ... wees lig vir die Here, wees sout... wees suurdeeg.

Sout wat in die soutpot bly lê, help niks nie, of die lamp onder die emmer, nee die verborge moet uit die verborgene uitkom. Dan begin dit te werk. As die klein liggie terugdeins vir

die geweldige donkere duistere nag daarrondom, of die sout wil nie uit die potjie uitkom nie, dan sal dit nooit sy eintlike werk doen nie. Om smaak te gee, om lig te gee, want sê die liggie, ai ek is so 'n swak liggie, wat kan ek nou doen. Wie kan dink met so bietjie suurdeeg kan jy 160 brode bak, maar dink ook aan die geweldige as ek dit nie doen nie, wie is ek dan, waaraan word ek dan blootgestel?!

As suurdeeg nie kontak maak nie, loop dit gevaar om te versuur, wat nie met mooimaak te doen het nie, alles behalwe, maar 'n suur –suur waar die suur die suur opvreet dat daar naderhand niks oor is nie, so werk die chemiese en fisieke suurdeeg, daar is altyd 'n proses, dat as dit nie uitwerk nie, dan werk dit na binne, dan word die binne werking opgevreet. M.a.w. ons laat maar ander aan hulle lot oor, ons leef rêrig met 'n raak-nie, smaak-nie-houding dan word daardie meel waarin ek moet werk naderhand net so sleg en die goggas begin daarbinne rond te kruip, al was dit prima koring waaruit daardie meel gemaal was, nou is dit vol myt en moet weggegooi word.

Broeder en suster, wanneer ons hierdie gelykenisse na ons laaste punt beweeg, die geim van die kontraste en die geheim van die verborge werkinge, bring ons wel ook by die geheim van die dinamika wat hier plaasvind:

Die geheim van die dinamika:

Ons moet dit goed verstaan geliefdes, as ons dink dat hierdie gelykenisse wil ons leer dat ons die hele wêreld kan verchristelik, dat daar geweldige uitwendige groei sal plaasvind, dan het ons verlede Sondag se gelykenis vergeet. Die onkruid op die land wat saam met die koring groei kan nie en sal nie verdwyn nie. Koninkrykswerk is kwaliteit wêrk nie kwantiteit nie. Nooit het Jesus bedoel dat die christendom die aardbol sal verower nie. Nóú sal die onkruid nooit geheel en al uitgeroei word nie. Dit gaan nie daaroor dat mense beïndruk moet wees nie, dit gaan nie soseer oor die uitwendige groei nie, maar dit gaan oor die dinamika wat daar wel is as jy met die klein dingetjies besig is en besig bly en God in die onsigbare, doen groot dinge wat nie noodwendig deur die wêreld waargeneem kan word nie, maar ons beleef wel iets hiervan, daar gebeur tog iets wat waargeneem kan word.. Dit gaan daaroor dat daar wel binne jou en my groei sal wees in die beoefening en uitoefening van ons roeping. Daar word beweeg na 'n tyd wat dinge nie meer word nie, maar tog word ons ryper in wat God van ons verwag. Dan groei ons, ons groei dinamies al erken die wêreld dit nie, maar dit gaan nie oor wat die wêreld sê nie, dit gaan tog oor wat God sê. Ons moet nie angsvallig verval in 'n heimlike psigose wat alles altyd aan getalle wil meet nie, hoe sterk, hoe vinnig, hoe ryk, hoe

slim ek kan wees nie, nee dit is die dinge wat 'n minderwaardigheidskompleks aanhelp, waar ek dalk al hoe méér voel ek behoort tot 'n verdwynende minderheid.

Ons krag is dinamies maar dit lê baie keer nie in wat gesien kan word nie. In Christus is ons krag bedraad, Hy is meer as net die verspreidingsbord wat die krag herlei, maar Hy gee die deurslag. In demokrasie gaan dit om die helfte plus een, dit gee die deurslag. Nie in vandag se gelykenisse nie. Dit gaan nie eers om die helfte nie, dit gaan eintlik net om die Een, om die Een Jesus Christus wat nie werk met die helfte plus een nie, maar die Één gee die deurslag, Hy werk om die deurslag te gee. Deur sy Heilige Gees gebeur die dinamiese. Die sout gee die smaak, die suurdeeg werk deur die meel, die lig neem die duisternis weg.

Al is die wêreld daarbuite stikdonker, so het die Duitse teoloog Helmut Thielicke (in Stuttgart en in Hamburg) dit met die 2de wêreldoorlog beleef en die gemeente wat hy bedien het, was hy oortuig word gedra deur Christus wat gesê het, ... *aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde...* ja sê Thielicke in die wurggreep van Hitler en die geallieerde magte, die jong soldate van Hitler staan die paradegrond vol, die een meer gehoorsaam as die ander en hier in sy eerste gemeente waar hy die krag van Christus moet verkondig, waar alles eintlik van afhang, maar bestaan die Bybelstudiegroep van die hele gemeente net uit 'n paar tannies en net een, nog ouer oom, die gemeente se orrelspeler, wie se vingers al so kromgetrek en seer is, dit raak ook sy orrelspel, dit is die somtotaal as dit om mense sou gaan. Wat tel hulle teen daardie duisende marsjerende jongman soldate wat gaan oorlog voer, ook teen hulle (landgenote) wat nie met Hitler saamstem nie.

Dalk mag ons gemeente ook lyk soos die ou groepie waarvan ons hier praat, 'n paar oumense, met 'n orrelspeler wat sy vingers nie meer kan nie, maar is dit waaroor dit moet gaan. Nee, juis die mosterdsaad, so klein, die suurdeeg, so min, op sigself niks indrukwekkend nie, maar die dinamika het 'n geheim. Die geheim is Christus Self! Wie dieselfde gelykenis van die mosterdsaad in Markus mooi lees moet besef Markus lê klem op wat ons in Daniel ook moet raaksien. Markus sê van die mosterdsaadjie.... *wanneer dit gesaai is, kom dit op en word groter as al die groentesoorte en maak groot takke, sodat die voëls van die hemel onder sy skaduwee nes kan maak.* Daniel het in soortgelyke terme 'n droom van Nebukadnesar uitgelê, met tog 'n baie groot verskil. Dit juis in die idee van wat maak my dinamies, waar lê my krag?!

Daniel 4:2-22: *Die boom wat u gesien het—wat groot en sterk geword het, en waarvan die hoogte tot aan die hemel gereik het en wat vir die hele aarde sigbaar was, en waarvan die blare mooi en die vrugte baie gewees het, en waar voedsel vir alles aan was, waaronder die diere van die veld gehou en in die takke waarvan die voëls van die hemel gewoon het—dit is u, o koning, wat groot en sterk geword het, wie se grootheid toegeneem het en reik tot aan die hemel en u heerskappy tot aan die einde van die aarde. Dit klink so dieselfde! Maar tog die geheim is geweldig groot en geweldig belangrik. Nebukadnesar se boom is simbool van sy koninklike mag, groot het hy homself kon voorstel maar was Nebukadnesar se permanente bedreiging sy hoogmoed. As hy dan later op sy koninklike paleis loop dan sê hy- (Dan 4:30) *Is dit nie die groot Babel wat ek opgebou het tot 'n koninklike verblyf, deur die sterkte van my vermoë, en tot verheerliking van my majesteit nie?**

Dit is die verskil wat tussen die gelykenis en Nebukadnesar lê, die ou klein mosterdsaadjie wat klein bly, al word dit 'n groot boom, weer dra dit saadjies waaroor ons nederig moet wees en moet bly. Dit is baie gevaarlik as 'n minderwaardigheidskompleks omslaan in 'n hoogheidswaan, dit bring die dood, dit gee mense diere harte, sulke mense word niks beter as grasvreters nie. Die suurdeeg, die mosterdsaadjie moet die koninkryksburger, vir u en my verlos van 'n minderwaardigheidskompleks, maar die resultaat van die verlossing moet wees dat nog ons nederiger sal word, nog kleiner, nog minder van onself sal dink. Dan is God groot. Dan roem ons alleen in die Here wat teen die gees van die Grieke gesê het... *maar wat dwaas is by die wêreld, het God uitverkies om die wyse te beskaam; en wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om wat sterk is, te beskaam...*

AMEN